DIE BURGER 27 OKTOBER 1995

UIT RUBRIEK: MENINGS VAN ONS LESERS

Los afkrakery van Afrikaner

EK het met ontsteltenis kennis geneem van die toespraak van prof. Willie Jonker by die Sinode van die NG Kerk (Wes-Kaap) soos gerapporteer in Die Burger van 21 Oktober onder die opskrif "NG Kerk kry enkele kans om waarlik te hervorm, sê Jonker".

Prof. Jonker het dit goed gevind om die verhoog wat die Sinode hom gebied het te gebruik vir 'n aanval op die Afrikaner.

Hy het gesê dat "die kerk deur sy enge verbondenheid met die Afrikaner 'n volkskerk geword het wat sy gereformeerde karakter in die gedrang laat kom het. Ek glo nie dat die Afrikaner ooit beslag op die kerk gelê het of wou lê nie.

'n Groot persentasie Afrikaners het die NG Kerk as hul geestelike tuiste aanvaar waar die Woord van God in hul taal verkondig is. Daarheen is offers gebring sodat die NG Kerk deur die jare in 'n kragtige sendingaksie betrokke kon wees en ook op die terrein van die barmhartigheidsdiens reuse werk kon verrig.

Die NG Kerk was verantwoordelik vir die geestelike welsyn van die Afrikaners wat sy belydende lidmate was. Daarom was en is die voertaal Afrikaans en het prof. Jonker gehèlp om honderde Afrikanerseuns vir die bediening op te lei wat as geestelike leiers onder die volk kon beweeg. Ek kan nie die stelling van prof. Jonker onderskryf dat die gereformeerde karakter van die NG Kerk in gedrang gekom het nie.

Natuurlik het die kerk naby sy mense beweeg, na hul nood geluister, oplossings daarvoor probeer vind en in hul belang opgetree. Ook dit is nie gereformeerd nie.

Daar was nie 'n enge verbondenheid met die Afrikaner nie. Afrikaners was en is sy lidmate!

Dit is 'n verskriklike aanklag wat prof. Jonker teen die Afrikaner en die Kerk maak as hy sê: "Nou blyk dit dat die Afrikaner-*establishment* en die Kerk verkeerd was, selfs immoreel opgetree of die Bybel verkeerd verstaan of misbruik het."

Dit is 'n hooghartige veroordeling van 'n volk en 'n Kerk wat hom deur die jare met oorgawe aan die uitbreiding van die koninkryk van God gewy het. Mag ek vra: het God dan deur die jare die offers van immorele mense (volgens prof. Jonker) aanvaar, geseën en gebruik? In beskeidenheid en nederigheid sê ek dat die praktyk getuig van já.

Dit is 'n verskriklike aantyging om te sê dat die Bybel verkeerd verstaan of misbruik was. Word daar nou 'n streep getrek deur die verkondiging van die Evangelie van die verlede? Het die Heilige Gees in die verlede verkeerd gelei? In die verlede is ook gebid en om leiding gevra.

Beteken prof. Jonker se stelling dat vorige predikante en sy voorgangers aan die Kweekskool, die Bybel verkeerd verstaan of misbruik het? Ek kan dit nie aanvaar nie.

Ek moet uit sy toespraak aflei dat God nou deur Sy Gees in 1995 na die NG Kerk kom en sê: "Ek het verkeerd gelei. Hier is die lig waarin julle moet beweeg." Dit tog nie! God werk nie so nie.

Laat ek dit onomwonde stel. Ons het 'n stadium bereik waar ons moet sê dat ons siek en moeg is vir die voortdurende aftakeling van die Afrikaner en sy leiers – ook van die verlede. 'n Volk met selfrespek kan dit nie gelate aanvaar nie. Dit is jammer dat prof. Jonker nou ook op dié wa geklim het. Dis nog ontstellender om te lees van die applous wat hy van die Sinode ontvang het.

Van die Afrikaner word verwag om voortdurend belydenis te doen oor die beleid van afsonderlike ontwikkeling wat hy ondersteun het. Laat ek dit ook nou onomwonde stel: ons is moeg hiervoor. Daar is reeds in duidelike taal gesê wat die beleid beoog het, dat dit nie uitgewerk het nie en dat 'n nuwe beleid nodig was. Dit het alles plaasgevind en ek kon daaraan meedoen.

As elke staatkundige beleid in die wêreld geestelik getoets moet word, is daar weinig wat die toets van reg en geregtigheid kan slaag. Waarom een beleid uitsonder en dit gedurig afmaak as sondig?

Wat van die huidige beleid met sy verslapping oor pornografie, toelating van dobbelary, absurde maatreëls oor aborsie, toename in misdade, geweld en stakings, diskriminasie in "regstellende" aksies, ens. As die een beleid sondig was, dan skyn dit vir my asof die huidige een uit die hel aangesteek is.

Kan ek baie vriendelik vra, ook vir kerkleiers: staak asseblief die uittarting en veroordeling van die Afrikaner. Ek dreig nie, maar hulle is besig om iets wakker te maak wat moeilik beheer gaan word. Moet ons nie in 'n rigting dwing waar ons nie wil wees nie. Ons het die punt van versadiging bereik.

P.J. BADENHORST
Strand

Sy *geïrriteerdheid is regtig onnodig*

DIT spyt my dat die berig oor my optrede by die Sinode soveel ontsteltenis by u korrespondent veroorsaak. Dit moet daaraan toegeskryf word dat hy nie self teenwoordig was nie, en dus op 'n beknopte berig moet reageer.

Die aangehaalde woorde kan egter nie reg verstaan word sonder kennis van die verband waarin dit voorkom, die doel waarmee en die gesindheid waarin dit uitgespreek is, sowel as die hele res van my gesprek met die sinodelede nie.

U korrespondent se geïrriteerdheid is miskien begryplik, maar regtig onnodig in die lig van die strekking van alles wat ek gesê het.

PROF. WILLIE JONKER
Stellenbosch

DIE BURGER 30 OKTOBER 1995

UIT RUBRIEK: MENINGS VAN ONS LESERS

Kom ons volg weg van versoening

EK verwys graag na P.J. Badenhorst se brief ("Los afkrakery van Afrikaner" – Menings, 27 Oktober).

Ek het mnr. Badenhorst se brief pas gelees. Weens 'n operasie is ek verhinder om as afgevaardigde die pas afgelope Sinode van die NGK in SA by te woon, en was ook bloot aangewese op die berig in Die Burger van 21 Oktober waarna mnr. Badenhorst verwys.

Waar die korrespondent met "ontsteltenis kennis geneem" het van die inhoud van prof. Willie Jonker se gesprek en hom daarvan beskuldig dat hy "dit goed gevind (het) om die verhoog wat die Sinode hom gebied het te gebruik vir 'n aanval op die Afrikaner", het ek daarenteen met *dankbaarheid* as oud-student van prof Jonker kennis geneem van sy standpuntname.

Hy is net getrou aan dit wat hy al die jare nog by staan, *naamlik dat enigiets wat swaarder weeg as die Woord en wil van die heilige Drieënige God, verwerplik is.*

Vir soverre en waar enige Christen (ook Afrikaner-Christen) die belang van volkwees en nasieskap verhef tot die hoogste norm wie bepaal wie in en wie uitgesluit word uit die Kerk van Jesus, kan ek nie anders nie as om 100 persent saam te stem met prof. Jonker dat dit die "gereformeerde karakter"; "die kerk se invloed" "op 'n valse bodem" laat rus en beslis " 'n blok aan die been" van die Kerk geword het. *Geen mens kan ooit daarop aanspraak maak dat hy/sy die leiding van die Gees ten volle verstaan of navolg nie.*

Dit is nie die Bybel wat ooit verkeerd kan wees nie, maar ongetwyfeld mense wat nie mooi luister en buig voor die wil van God en gehoorsaam nie. In sulke omstandighede is dit net logies dat ook die Kerk volgens prof. Jonker "immoreel" kon optree en "die Bybel verkeerd verstaan of misbruik".

Die "skok" waarvan prof. Jonker praat oor so 'n nie-ten-volle-verstaan-nie, spreek myns insiens duidelik uit die ontsteltenis en toonaard van mnr. Badenhorst se brief.

Dit het nog nooit vir prof. Jonker en vir opregte kerkleiers binne die NG Kerk gegaan om 'n "uittarting en veroordeling van die Afrikaner" nie. *Dit gaan om die volle openbaring van die wil van God.* Wie nie hiervoor buig nie, moet werklik ernstig vir hom/haarself afvra wat die swaarste weeg: *Afrikanerskap of Christenskap.*

Kom ons aanvaar die uitdaging wat prof. Jonker tot ons as medegelowiges gerig het en *loop saam met hom die pad van versoening*; anders sal dit beslis " 'n groot skade wees as die NG Kerk dié geleentheid sou miskyk en laat verbygaan" (deel van prof. Jonker se rede).

Kom ons begin *Christene wees* en nie *Christelik doen* nie!

DR. WILLIE VAN ROOYEN
Bellville

DIE BURGER 3 NOVEMBER 1995

UIT RUBRIEK: MENINGS VAN ONS LESERS

Profeet nie in eie land geëer nie

EK wil graag kommentaar lewer op P.J. Badenhorst se aanval op prof. Willie Jonker ("Los afkrakery van Afrikaner" – Menings, 27 Oktober).

Ons het hier te doen met 'n baie goeie voorbeeld van die "erfsonde" Die mens kom so maklik teen die waarheid in opstand. Elf van Jesus se twaalf dissipels het gesterf omdat hulle die waarheid gepreek het. " 'n Profeet word nie in sy eie land geëer nie." 'n Mens kan dus aflei dat dié gesegde baie meriete het.

Mnr. Badenhorst praat van al die offers wat vir die NG Kerk gebring is en die wonderlike dinge wat hulle daarmee gedoen het. Dit is jammer, want sy woorde maak hierdie mooi dinge goedkoop en leeg. Efesiërs 2: 8 en 9 sê immers vir ons: "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie."

Die briefskrywer sê dat dit 'n "verskriklike aantyging" is om te beweer dat die Bybel "misbruik was". Hy vra ook die vraag:"het die Heilige Gees in die verlede verkeerd gelei?"

Ja, ongelukkig is dit waar dat die Bybel in die verlede misbruik is om 'n "establishment" te regverdig. Voorts lei die Heilige Gees slegs as 'n mens doen wat God sê in Handelinge 17: 30 –31.

Dit was geensins prof. Jonker se motief om die Afrikaner af te takel nie. Ek glo dit was uit liefde vir sy volk dat hy dit gesê het. Dit is 'n teken dat God sy oë oopgemaak het en hom bevry het van die houvas van die verlede. Johannes 8:32 lui: "en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."

God het die Afrikaner in Suid-Afrika geplaas met 'n doel en ons kan slegs uitvind wat daardie doel is, as ons met ons voete op die weg van Sy Woord wandel. As ons doen wat God vir ons in 2 Kronieke 7:14 sê, het ons 'n toekoms in Suid-Afrika: "en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose wee af, sal EK luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel." As ons dit nie doen nie, gaan dieselfde met ons gebeur as met die Jode in die Beloofde Land. Dit is dus lewensbelangrik dat ons die implikasies van Matteus 7:21 besef.

T. BOTHA
Durbanville

DIE BURGER 6 NOVEMBER 1995

UIT RUBRIEK: MENINGS VAN ONS LESERS

Lidmate gekaap deur dié teoloë

EK verwys na die brief van P.J. Badenhorst ("Los afkrakery van Afrikaner" – Menings, 27 Oktober). Graag sluit ek by hom aan en bevestig sekere van sy waarhede.

Volgens 'n herderlike brief wat deur die ring van Stellenbosch in 1993 uitgegee is, blyk dit dat die Christen by herhaling skuld moet bely vir diegene wat direk of indirek deur sy toedoen benadeel is. Kerkleiers moet 'n verdere belydenis doen dat hulle die evangelie op wesenlike punte nie reg verstaan het nie en ongehoorsaam was aan die Woord.

As gevolg hiervan word bely dat die Kerk stilswyend goedkeuring verleen het aan die verkettering en vervolging van mense wat in die naam van Christus gestry het teen onreg.

Uit bogemelde asook verskeie ander teologiese "insidente" sedertdien, blyk dit duidelik dat die gewone gemeentelid gekaap is deur sekere teoloë/ekumene wat in hul vertolking van die Woord op 'n eensydige wyse lidmate op sleeptou geneem het.

Die vraag is of die insig van ons kerkleiers altyd betroubaar is. Moet die gewone gemeentelid toelaat dat hy vervreem word van sy Nederduise Gereformeerde erfenis?

Ek vra prof. Willie Jonker en sy kollegas dat hulle alle gemeentelede tot stigting en 'n sinvolle geesvervulde gemeentelewe sal lei. Want wat moet 'n gemeentelid doen wat in sy eie kerkgebou nie meer welkom voel nie?

W.J. BADENHORST
Stellenbosch

DIE BURGER 11 NOVEMBER 1995

UIT RUBRIEK: MENINGS VAN ONS LESERS

Prof. Jonker ondersteun

ONS, dosente aan die Kweekskool, Stellenbosch, het met groot ontsteltenis kennis geneem van die aanvalle op ons kollega, prof. W.D. Jonker, deur sommige korrespondente in die openbare pers.

Die toon van die briewe is aanmatigend, des te meer omdat dit reageer op 'n weergawe van die toespraak in die pers en nie kom uit die penne van sinodegangers wat dit gehoor het nie.

In sy toespraak voor die Sinode het prof. Jonker op 'n bewoë wyse 'n pleidooi gelewer dat die Ned. Geref. Kerk hom moet hou aan die Woord van God en aan sy gereformeerde belydenes – en hom moet weerhou van *alle* verbintenisse wat hierdie primêre band skade kan aandoen.

Daaroor en daaroor alleen het dit gegaan, oor die eer van God in die Ned. Geref. Kerk.

Met dieselfde bewoënheid en passie vereenselwig ons as Fakulteit ons met die standpunt van ons gewaardeerde en geliefde kollega, Willie Jonker. En ons doen dit ter wille van Christus en Sy Kerk.

PROF. J.P.J. OLIVIER
PROF. B.A. MÜLLER
namens DOSENTERAAD
Kweekskool
Stellenbosch

Dit is 'n aanval op Kerk se siening

DIE aanval van mnr. P.J. Badenhorst van die Strand op prof. Willie Jonker ("Los afkrakery van Afrikaner" – Menings, 27 Oktober) kan nie daar gelaat word nie.

Dit sê vir ons dat daar lidmate van die NG Kerk is wat definitief nie kan verstaan dat apartheid sonde sou wees nie. Hulle ervaar as gelowige Afrikaners dat hulle geestelike grondslag van Afrikaner wees op hierdie manier aangeval en ondergrawe word.

Ek dink dat ons baie begrip daarvoor moet hê dat die kerk oor baie jare heen, die beleid van apartheid goedgepraat het, en dat dit derhalwe vir lidmate ontstellend is om te hoor dat die kerk daarin verkeerd was.

Ek kry egter ook vir prof. Jonker jammer. Hy kry pak, terwyl hy basies net duideliker gesê het wat die Algemene Sinode lankal reeds oor apartheid gesê het, naamlik dat apartheid as 'n stelsel waardeur mense verontreg is, sonde is.

Dat prof. Jonker applous van die Sinode ontvang het oor sy toespraak, is dus nie nog meer ontstellend of vreemd nie, maar dui op 'n eenstemmigheid van die Wes-Kaap se Sinode met die NG Kerk se standpunt oor apartheid.

In effek val mnr. Badenhorst nie soseer vir prof. Jonker aan nie, maar sy eie kerk se standpunt oor apartheid!

Dit lyk vir my dat die vraag waarmee broer Badenhorst worstel veral gaan oor hoe God deur sy Gees sy kerk in 'n stadium anders en self teenoorgesteld kan lei, as wat nou die geval is. Moet 'n streep deur al die arbeid van die kerk tydens die apartheidsjare getrek word?

Die waarheid is eenvoudig: nee! God het ook in die apartheidsjare die kerk gebruik en geseën. Ook tóé het Godsmanne die Here probeer dien met die lig tot hul beskikking. As ons 'n streep daardeur trek, trek ons 'n streep deur die genade van God.

Wat egter óók waar is, is dat by al die goeie dinge wat die NG Kerk onder leiding van die Gees van God gedoen het, hy in 'n belangrike opsig nie die leiding van die Gees gevolg het nie. Dit blyk nou duidelik dat hy blind was vir die lyding en verontregting wat die stelsel van apartheid, gegrond op rassisme, in die lewens van vele mense veroorsaak het.

In hierdie saak het die kerk in stryd met die liefdesgebod van Jesus Christus opgetree. Dis nie maar soos broer Badenhorst apartheid as " 'n beleid wat nie uitgewerk het nie", sien nie, maar sonde wat belydenis vra.

Broer Badenhorst is moeg van belydenis doen. Eintlik lyk dit nie of hy soseer moeg is daarvan, as wat hy regtig oortuig is dat dit werklik nodig is nie. Geen mens kan tot berou en belydenis gedwing word nie. Dis die Heilige Gees wat ons sensitief maak vir die verlede en die hede. Daarom ook vir die sonde van omgekeerde rassisme wat na vore kom in die manier waarop regstellende aksie vandag toegepas word.

Terwyl ek baie begrip het vir broer Badenhorst se ontsteltenis, kan ek nie anders nie as om te bid dat hy en andere wat soos hy ontsteld is, oortuig sal word van sonde. Dat hy sal insien dat dit geen skande vir die gelowige Afrikaner is om met berou te erken dat deur apartheid onreg gepleeg en lyding veroorsaak is nie, maar dat dit tot eer van God is. Laat ons eerder die Here prys wat, toe die NG Kerk oor apartheid gestruikel het, steeds sy kerk se hand vasgehou het en gelei het tot berou, vergifnis en herstel.

RIAAN TERBLANCHE
Beaufort-Wes

"Laat ons eerder die Here prys wat, toe die NG Kerk oor apartheid gestruikel het, steeds sy kerk se hand vasgehou het en gelei het tot berou, vergifnis en herstel."

RIAAN TERBLANCHE, **Beaufort-Wes**